



**Wes-Kaapse
Regering**

Onderwys

Stop Misbruik-Protokol

Van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement

Effektiewe bestuur van Kindermisbruik,
Doelbewuste Verwaarlosing en Seksuele Oortredings teen Kinders

Message from the Western Cape Minister of Education, Debbie Schäfer

The Abuse No More document for dealing with child abuse was developed in 1999 by the WCED in co-operation with other departments and non-governmental organisations to develop a guide for the management of child abuse. The document was officially launched in 2001 by the then Education MEC, now Premier, Helen Zille. Since then various developments relating to the care and protection of children culminated in the updating of existing and promulgation of new legislation such as the Children's Act, 38 of 2005, Sexual Offences and Related Matters Act, 32 of 2007, Child Justice Act, 75 of 2008. This has also resulted in amendments to WCED policies. For this reason the child abuse protocol document needed to be amended to be in alignment with the relevant legislation and policy documents.

Child abuse, deliberate neglect and sexual offences against children are serious challenges that currently exist in communities and educational institutions throughout South Africa. Because of their high prevalence this protocol has been developed to help institutions, employees and learners of the Western Cape Education Department (WCED) to deal with the problem in the most efficient and effective way.

Intervening effectively in the lives of children and their families that are victims of abuse is not the sole responsibility of any single agency or professional group, but rather is a shared community concern. Educators have a special role to play in dealing with this problem, along with doctors, nurses and social workers. In fact, people in these professions are required by law to respond to signs of child abuse.

I particularly welcome the focus on minimising trauma to victims by ensuring that they do not have to repeat the details of the traumatic incident, and ensuring that evidence is collected in the best possible way to maximise the chances of successful convictions.

I wish to thank all WCED staff and other parties including government departments and NGO's involved for their hard work in drafting our new policy document.

Child protection is the moral responsibility of every WCED employee - indeed of every member of society. The WCED therefore supports the policy and procedures in this document and encourages co-operation to ensure the achievement of their objectives.



Debbie Schäfer, MPP
Minister of Education
October 2014

Inhoud

Afdeling 1:	Agtergrondinligting	1
Afdeling 1.1	Inleiding	1
Afdeling 1.2	Doel en omvang	1
Afdeling 1.3	Wetgewende Raamwerk	1
Afdeling 2:	Definisies	2
Afdeling 3:	Bestuursprosedures	4
Afdeling 4:	Verantwoordelikhede van relevante rolspelers	12

Aanhangsels

Diagramme

Diagram 1	Onthullingsproses: Leerder-op-leerder-onthulling	6
Diagram 2	Onthullingsproses: WKOD Werknemer-op-Leerder-onthulling	8
Diagram 3	Onthullingsproses: Oortreding deur ouer, familielid of Gemeenskapslid-op-leerder-onthulling	10

Aanhangsels

Aanhangsel A: WKOD Distrikstrukture	14
Aanhangsel B: Databasis van ondersteuningsdienste in die area	15
Aanhangsel C: Rapporteringsvorm: (Vorm 22A)	16
Aanhangsel D: Oortredings met betrekking tot kinders en verstandelik gestremde persone soos bedoel in die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 2007 (Wet 32 van 2007)	21
Aanhangsel E: Breërisiko-assesseringsraamwerk om te dien as riglyn tydens besluitneming vir die voorsiening van aangewese kindbeskermingsdienste (Artikel 35 van die regulasies van die Kinderwet, 2005) (Wet 38 van 2005)	23
Aanhangsel F: Plig om aan te meld in terme van artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 2007 (Wet 32 van 2007) en artikel 110 van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)	25
Aanhangsel G: Sanksies – Ernstige wangedrag van opvoeders in diens van die WKOD met betrekking tot die bestuur van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortredings	26
Aanhangsel H: Riglyne aan Skoolbeheerliggame met betrekking tot die bestuur van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortredings.	27
Aanhangsel I: Riglyne aan Skoolbestuurspanne en Skoolbeheerliggame met betrekking tot die bestuur van die openbare media se betrokkenheid.	28
Aanhangsel J: Direkoraat: Werknemersverhoudings se riglyne oor die bestuur van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortredings.	29
Aanhangsel K: Vorm 29: Ondersoek deur die werkgewer om vas te stel of die persoon se naam in die Afdeling B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister voorkom.	30

Afdeling 1

1.1 Inleiding

Kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortredings teen kinders is ernstige probleme wat tans in gemeenskappe en opvoedkundige inrigtings regoor Suid-Afrika voorkom. As gevolg van die hoë voorkoms daarvan, is protokol ontwikkel wat inrigtings, werknemers en leerders van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) sal help om op die mees doeltreffende en effektiewe manier met hierdie probleem te handel.

Die verslagdoeningsprosedures wat in hierdie protokol vervat is, kan gebruik word deur leerders, opvoeders, werknemers, ouers, versorgers en enige ander persone. Alle WKOD-werknemers moet dus verseker dat hulle ten volle op hoogte is van die inhoud van hierdie protokol en dat hulle presies verstaan wat hul rol is in die bekamping van kindermisbruik en seksuele oortredings teen kinders.

Effektiewe bestuur van hierdie probleme kan slegs gehandhaaf word as die prosedures op 'n sterk wetlike grondslag gebaseer is. Daarom is alle relevante wetgewing met betrekking tot kinders in ag geneem en toegepas by die opstel van hierdie protokol. Die wetgewing beklemtoon die verantwoordelikheid van opvoeders wat vermoedens het oor, of te doen kry met onthullings oor kindermisbruik en seksuele oortredings teen kinders, asook die verpligting wat op 'n opvoeder rus om sulke insidente op die voorgeskrewe wyse te rapporteer.

Hierdie dokument beklemtoon ook die verantwoordelikheid van die skoolhoof om die protokol en prosedures, soos in hierdie dokument omskryf, sodanig te implementeer, bestuur en in stand te hou dat vertroulikheid en die beste belange van die kind te alle tye gehandhaaf word.

1.2 Doel en Omvang

1.2.1 Die doel van die protokol is om:

(a) alle leerders by te staan wat slagoffers of oortreders is van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en enige seksuele oortredings

(b) 'n benadering voor te skryf vir opvoeders en werknemers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement om –

(i) te identifiseer;

(ii) tussenbeide te tree;

(iii) aan te meld; en

(iv) ondersteuning te verskaf

in gevalle van kindermisbruik en doelbewuste verwaarlosing en waar kinders die slagoffers is van seksuele oortredings.

1.2.2 Hierdie protokol is van toepassing op alle openbare skole wat ressorteer onder die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

1.3 Wetgewende Raamwerk

1.3.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

1.3.2 Wet op Kinderberegting, 2008 (Wet 75 van 2008)

1.3.3 Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)

1.3.4 Wysigingswet op die Strafberegting (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007)

1.3.5 Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)

1.3.6 Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)

1.3.7 Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

1.3.8 Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

1.3.9 Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

1.3.10 Nasionale Instruksies SAPD 3 van 2008 (Deel 4)

1.3.11 Witskrif 6 vir Inklusiewe Onderwys, 2001

1.3.12 Etiese Kode vir Opvoeders, SARO

1.3.13 Gedragskode vir die Staatsdiens

1.3.14 Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole, en Studente en Opvoeders in Verdere Onderwys- en Opleidingsinrigtings, Staatskoerant 20372, gedateer 10

- Augustus 1999
- 1.3.15 Beleid met betrekking tot Leerder Bywoning (Omsendbrief 29 van 2010)
- 1.3.16 Regulasies oor Dissiplinerings, Skorsing en Uitsetting van Leerders van Openbare Skole in die Wes-Kaap gepromulgeer in die Buitengewone Provinsiale Koerant No 6939, 15 Desember 2011, Wes-Kaapse Onderwysdepartement Omsendbrief 0018 van 2012
- 1.3.17 Beleid oor die Bestuur van Leerder swangerskappe in Openbare Skole, Wes-Kaapse Onderwysdepartement, Omsendbrief 0121 van 2003.

Afdeling 2

2. DEFINISIES

In hierdie protokol dra elke woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is daardie betekenis, tensy uit die konteks anders blyk –

“aangewese maatskaplike werker” beteken 'n maatskaplike werker in diens van –

- (a) die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
- (b) 'n geregistreerde kinderbeskermingsorganisasie, soos die ACVV (Afrikaner Christelike Vroue Vereniging), Kinderwelsyn of Badisa; of
- (c) 'n munisipaliteit;

“beweerde leerder-oortreder” beteken die leerder teen wie 'n klag gelê is;

“doelbewuste verwaarlosing” vir doeleindes van hierdie dokument verwys na Artikel 110 van die *Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)*;

“inrigting” beteken 'n gewone openbare skool, spesiale openbare skool of enige ander inrigting binne die jurisdiksie van die WKOD. “Skool” beteken 'n openbare skool of 'n onafhanklike skool wat leerders inskryf vanaf graad R tot graad twaalf;

“kindermisbruik” beteken enige vorm van leed of mishandeling wat opsetlik toegedien is aan 'n kind, en sluit in –

- (a) aanranding van 'n kind of die toediening van enige ander vorm van opsetlike besering aan 'n kind;
- (b) seksuele misbruik van 'n kind of om toe te laat dat 'n kind seksueel misbruik word;
- (c) afknouery deur 'n ander kind;
- (d) 'n arbeidspraktyk wat 'n kind uitbuit; of
- (e) blootstelling of onderwerping van 'n kind aan gedrag wat die kind sielkundig of emosioneel benadeel;

“kommersiële seksuele eksploitasie” met betrekking tot 'n kind beteken –

- (a) die verkryging van 'n kind om seksuele aktiwiteite te verrig vir finansiële of ander beloning, insluitend handeling van prostitusie of pornografie, ongeag of daardie beloning geëis word deur, betaalbaar is aan of gedeel word met die verkryger, die kind, die ouer of versorger van die kind, of enige ander persoon; of
- (b) handel in kinders vir gebruik in seksuele aktiwiteite, insluitende prostitusie of pornografie;

“leerder” beteken enige persoon wat onderwys ontvang, of verplig is om onderwys te ontvang in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet;

“leerder-slagoffer” beteken 'n persoon wat 'n aantyging maak van kindermisbruik en/of 'n seksuele oortreding teen 'n ander persoon of 'n ander leerder (kind);

“lyfstraf” beteken enige opsetlike daad teenoor 'n kind wat pyn of fisieke ongemak veroorsaak om hom/haar te straf of onder beheer te bring. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, looi, klap, knyp, pak slae gee of om 'n kind te klap met die hand of 'n voorwerp; 'n kind se toegang tot 'n toilet te beperk of te weier; 'n kind maaltye, drankie, hitte en skuiling te ontsê; 'n kind gewelddadig te stoot of te stamp; 'n kind te forseer om oefening te doen;

“opvoeder” beteken enige persoon, uitgesluit ’n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buitemuurse aktiwiteite aan te bied, wat ander mense onderrig, opvoed of leer of wat professionele opvoedkundige dienste, insluitend professionele terapie en sielkundige onderwysdienste by ’n skool verskaf;

“ouer” beteken –

- (a) die ouer of voog van ’n leerder;
- (b) die persoon met ’n wetlike reg op toesig van ’n leerder; en
- (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom teenoor ’n persoon na verwys in paragrawe (a) en (b) met betrekking tot die leerder se opvoeding by die skool;

“prinsipaal” beteken ’n opvoeder wat as hoof van ’n skool aangestel is, of waarneem;

“SAPD” beteken Suid-Afrikaanse Polisie diens;

“seksuele misbruik” [soos gedefinieer in die *Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)*] met betrekking tot ’n kind, beteken –

- (a) die seksuele molestering of aanranding van ’n kind of om toe te laat dat ’n kind seksueel gemolesteer of aangerand word;
- (b) om ’n kind aan te moedig, te oorreed of te forseer om gebruik te word vir die seksuele bevrediging van ’n ander persoon;
- (c) om ’n kind te gebruik in, of ’n kind opsetlik bloot te stel aan, seksuele aktiwiteite of pornografie; of
- (d) die verkryging van, of toelating dat ’n kind verkry word vir kommersiële seksuele eksploitasie of om op enige wyse deel te neem of te assisteer in die kommersiële seksuele eksploitasie van ’n kind;

“seksuele misdrywe” beteken algemene sowel as spesifieke misdrywe teenoor kinders en verstandelik gestremde persone (sien Aanhangsel D vir ’n breedvoerige beskrywing van hierdie misdrywe).

“skoolbeheerliggaam” beteken ’n statutêre liggaam bekleed met die bestuur van ’n openbare skool, en mag dit slegs sodanige werksaamhede en verpligtinge uitvoer en slegs sodanige regte uitoefen soos deur die *Suid-Afrikaanse Skolewet* voorgeskryf.

“skoolbestuurspan” beteken die bestuurspan van ’n skool bestaande uit die Prinsipaal, Adjunk-prinsipaal en Departementshoofde wie se gedefinieerde rol dit is om die Prinsipaal by te staan en te ondersteun in die bestuur van die skool;

“skool-maatskaplike werker” beteken ’n maatskaplike werker in diens van die WKOD wat geregistreer is onder *Artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Werk, 1978 (Wet 110 van 1978)*;

“verwaarlosing” met betrekking tot ’n kind beteken ’n versuim om in die uitvoering van ouerlike verantwoordelikhede voorsiening te maak vir die kind se basiese, fisiese, intellektuele, emosionele of maatskaplike behoeftes;

“werknemer” beteken –

- (a) ’n opvoeder soos hierbo uiteengesit;
- (b) ’n personeellid van ’n koshuis;
- (c) ’n administratiewe personeellid;
- (d) ’n lid van die ondersteuningsdienste of kontrakwerker, sowel as enige opvoeder aangestel onder die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)*; of
- (e) ’n lid van die ondersteuningsdienste of ’n kontrakwerker aangestel onder die *Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994)* en/of aangestel deur die skoolbeheerliggaam;

“werknemer verhoudinge” beteken die Direkoraat: Werknemer Verhoudinge van die WKOD;

“werknemer verhoudinge-amptenaar” beteken praktisyns in die Direkoraat: Werknemer Verhoudinge by die Hoofkantoor van die WKOD wie se funksie dit is om wangedrag te ondersoek en om wangedrag-verrigtinge in te stel teen ’n beweerde oortreder in diens van die WKOD.

Afdeling 3

3. BESTUURSPROSEDURES

Die beste belang van die kind (slagoffer of oortreder) sal die oorwegende faktor wees en sal bepalend wees oor die bestuur van die proses wanneer kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing of seksuele misbruik aangemeld word. Volgens Suid-Afrikaanse wetgewing is dit verpligtend om dit aan te meld, en 'n versuim daarvan is 'n kriminele oortreding.

3.1 Verpligte aanmelding

3.1 (a) Artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007)

- (i) In terme van hierdie artikel is dit elke persoon se plig om dit aan te meld;
“Kennis daarvan dat 'n seksuele misdryf teen 'n kind gepleeg is”
of
“Kennis, redelike oortuiging of suspisie dat 'n seksuele misdryf gepleeg is teenoor 'n persoon wat verstandelik gestrem is”;
- (ii) Aanmelding moet onmiddellik geskied;
- (iii) Dit moet aangemeld word by 'n polisiebeampte.
- (iv) Versuim om in terme van hierdie artikel aan te meld, is 'n kriminele oortreding (Artikel 54 1(b) en 2(b)).
- (v) Die straf vir nie-aanmelding is 'n boete of gevangenisstraf van vyf jaar, of beide 'n boete en gevangenisstraf.
- (vi) Iemand wat te goeder trou 'n aanmelding maak in terme van Artikel 2(b), waar daar “'n redelike oortuiging of suspisie van 'n seksuele oortreding op 'n verstandelik gestremde persoon” bestaan, is nie siviël of strafregtelik aanspreeklik as gevolg van sodanige aanmelding nie.
- (vii) In die Nasionale Instruksies SAPD 3 van 2008 (Deel 4) is 'n uiteensetting vervat van wie 'n aanmelding van seksuele oortreding mag doen, en dit bevestig die feit dat aanmelding verpligtend is onder Artikel 54 van Wet 32 van 2007.
- (viii) Dit is belangrik om kennis te neem dat in terme van hierdie Nasionale Instruksie, 'n SAPD-beampte niemand mag wegwys wat 'n seksuele oortreding op 'n kind of 'n verstandelik gestremde persoon aanmeld nie.

(b) Artikel 110 (1) van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) (soos gewysig)

- (i) In terme van hierdie artikel het sekere professionele persone, bv. “Onderwyser” 'n plig om aan te meld (Sien Aanhangsel F vir 'n volledige lys);
- (ii) Hulle moet redelike gronde hê om te glo dat die kind misbruik is op 'n wyse wat fisiese beserings, seksuele misbruik of doelbewuste verwaarlosing tot gevolg het;
- (iii) Die gevolgtrekking moet in die voorgestelde vorm (Vorm 22) aangeteken word; en
- (iv) Dit moet aangemeld word by die “Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of 'n Polisiebeampte”.
- (v) Versuim om gehoor te gee aan hierdie artikel, is 'n kriminele oortreding. Artikel 305(1) (c) bepaal dat 'n persoon aan 'n misdryf skuldig is indien daardie persoon versuim om te voldoen aan Artikel 110(1).


(c) Artikel 110 (2) van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) (soos gewysig)

- (i) (i) In terme van hierdie subartikel mag “enige persoon” wat “redelike gronde het om te glo dat ’n kind sorg en beskerming benodig” hierdie oortuiging aanmeld (nie verpligtend, het ’n diskresie) aan die “Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, ’n aangewese kinderbeskermingsorganisasie of ’n polisiebeampte”.
- (ii) Daar is geen straf onder hierdie artikel nie, aangesien aanmelding nie verpligtend is nie.
- (iii) In terme van die Kinderwet bestaan daar ’n diskresie met betrekking tot die persoon aan wie die misbruik gerapporteer moet word bv. SAPD of aangewese maatskaplike werker, maar nie met betrekking tot die werklike aanmelding van die oortreding nie.
- (iv) In die geval van ’n seksuele oortreding, moet die SAPD (GKS Eenheid) betrokke wees.

3.2 Onthulling

- 3.2 (a) Tree altyd op in die beste belang van die kind.
- (b) Onthulling is ’n proses en moet met versigtigheid, sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer word.
- (c) Die kwessie van vertroulikheid moet tydens die onthulling duidelik gemaak word, en die gevolge van die onthulling moet aan die leerder-slagoffer verduidelik word, d.i. dat ten einde hom/haar te help, u wetlik verplig is om die saak te rapporteer aan ander rolspelers, byvoorbeeld ’n maatskaplike werker en/of SAPD.
- (d) Die veiligheid van die kind moet verseker word.
- (e) Aksies en tussenkomste moet onmiddellik geskied (insluitend die aanmelding van die saak by die SAPD en/of ’n aangewese maatskaplike werker).
- (f) Effektiewe bestuur van die proses sal verseker dat die leerder-slagoffer, beweerde leerder-oortreder en werknemer beskerm word teen addisionele en onnodige emosionele trauma en viktimisasie, wat die geval ook al mag wees.
- (g) Gedurende die proses van onthulling moet die leerder-slagoffer onder geen omstandighede ondervra word om die waarheid van die bewering vas te stel nie, aangesien die opvoeder/prinsipaal se rol slegs is om die aanmelding te ontvang en dit dan weer aan òf die SAPD òf ’n aangewese maatskaplike werker te rapporteer, wat die geval ook al is.
- (h) Om te besluit watter proses gevolg moet word en die onthullingsproses voldoende te bestuur, is dit genoegsaam om te weet dat daar misbruik was, watter tipe misbruik en wie die vermeende oortreder is.
- (i) Wanneer ’n aanmelding gedoen word aan ’n opvoeder en die opvoeder dit aan die prinsipaal rapporteer, moet die prinsipaal nie die leerder weer ondervra nie, maar eerder onmiddellike samewerking gee om die relevante rolspelers betrokke te kry.
- (j) Die onthullingsproses verg onmiddellike aandag en daar moet geen vertraging wees om die relevante rolspelers se hulp in te roep nie, bv. SAPD en DMD moet op dieselfde dag as wat die onthulling gemaak is, gekontak word.

Diagram 1: ONTHULLINGSPROSES -
Leerder-op-Leerder onthulling



3.3 Leerder-op-Leerder Onthulling

- (a) Onthulling kan deur 'n leerder-slagoffer gemaak word aan 'n ander kind (leerder) [wat dit weer aan 'n opvoeder sal onthul] of dit kan direk aan 'n opvoeder deur die leerder-slagoffer gemaak word.
- (b) Die leerder-slagoffer moet nie gekruisondervra word nie. Slegs inligting relevant vir die doel van aanmelding moet verkry word.
- (c) Verduidelik wat die prosedure is wat gaan volg, asook die verskillende rolle en verantwoordelikhede wat elke rolspeler gaan speel en hoekom dit relevant tot die proses is.
- (d) Sodra die onthulling gedoen is, moet die volgende rolspelers onverwyld in kennis gestel word
 - (i) SAPD ([GKS] Eenheid vir Gesinsgeweld, Seksuele Oortredings en Kinderbeskerming) in die geval van 'n seksuele oortreding;
 - (ii) 'n aangewese maatskaplike werker in die geval van misbruik anders as 'n seksuele oortreding;
 - (iii) die skool-maatskaplike werker in die area; en
 - (iv) die ouers van beide die leerder-slagoffer as die vermeende leerder-oortreder.
- (e) 'n Kinder-oortreder (leerder) wat 'n ander leerder fisies misbruik moet op die voorgeskrewe wyse aangemeld word by 'n aangewese maatskaplike werker of die polisie wanneer die fisiese misbruik neerkom op byvoorbeeld:
 - (i) die gebruik van 'n gevaarlike wapen teenoor 'n ander leerder of personeelid;
 - (ii) die pleging van 'n aanranding;
 - (iii) die bedreiging of ingevaarstelling van mede-leerders of opvoeders; en
 - (iv) die herhaaldelike skuldigbevinding aan fisiese benadeling van ander leerders.
- (f) Indien die oortreding in stryd is met die skool se Leerder Gedragskode, die Regulasies betreffende Dissiplinerings, Skorsing en Uitsetting van Leerders van Openbare Skole in die Wes-Kaap (Provinsiale Koerant 6939, gedateer 11 Desember 2011) of enige ander wetgewing, moet die behoorlike prosedure met betrekking tot dissiplinêre verhore, soos uiteengesit in bogenoemde Regulasies, gevolg te word.
- (g) Die Leerder Gedragskode moet voorsiening maak vir die oortreding.
- (h) Die skool-maatskaplike werker moet bystand verleen met die bestuur en verloop van die proses om te verseker dat beide leerders gedurende hierdie tydperk ondersteuning geniet.
- (i) Jong vermeende oortreders moet ondersteun word.
- (j) Sodanige ondersteuning moet beskou word as 'n poging om die vermeende oortreder te verhoed om verdere oortredings te pleeg.
- (k) Die vermeende leerder-oortreder moet na die relevante rolspelers verwys word vir emosionele ondersteuning en terapie.
- (l) Dit is belangrik om te verseker dat die maatskaplike werker of SAPD so gou as moontlik betrokke raak, afhangend van die graad van erns van die misbruik.
- (m) Waar nodig, moet die leerder-slagoffer verwys word vir berading en/of psigososiale ondersteuning deur die skool-maatskaplike werker.


3.4 Riglyne met betrekking tot die bestuur van dissiplinêre maatreëls teen 'n leerder wat die vermeende oortreder is

- (a) Die Leerder Gedragskode moet voorsiening maak vir die oortreding(s).
- (b) Die dissiplinêre proses, tesame met die Regulasies betreffende Dissiplinerings, Skorsing en Uitsetting van Leerders van Openbare Skole in die Wes-Kaap (Provinsiale Koerant 6939, gedateer 11 Desember 2011) kan slegs toegepas word indien daar 'n oortreding was van die skool se Leerder Gedragskode of ander wetgewing.
- (c) In die geval waar 'n leerder-slagoffer en 'n vermeende leerder-oortreder in dieselfde skool is, mag die vermeende oortreder vir sewe dae geskors word, hangende 'n dissiplinêre verhoor.
- (d) Die dissiplinêre verhoor moet volgens 'n voorgeskrewe prosedure geskied, soos na verwys word in subparagraaf 3.4 (b) van die Regulasies.
- (e) Die individu se reg op 'n regverdige en redelike verhoor moet nagekom word.
- (f) Hierdie beginsels moet ook toegepas word op die wyse waarop argumente aangebied word.
- (g) Wanneer op 'n gepaste sanksie besluit word, moet die volgende in ag geneem word:
 - (i) Die ouderdom en ontwikkelings stadium van die leerder;
 - (ii) Die leerder se dissiplinêre rekord en bereidheid om te verander;
 - (iii) Die leerder se berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel; en
 - (iv) Aanbevelings vanaf professionele diensverskaffers wat die vermeende leerder-oortreder

ondersteun

- (h) Beide die leerder-slagoffer asook die vermeende leerder-oortreder het die reg tot regsverteenvoording indien hulle sodanige verteenwoordiging verkies.
- (i) Onthou altyd om in die beste belang van die kind op te tree.

**Diagram 2: ONTHULLINGSPROSES -
WCED Employee on Learner disclosure**



3.5 Riglyne met betrekking tot die bestuur van dissiplinêre maatreëls teen 'n werknemer wat geïdentifiseer is as 'n vermeende oortreder.


- (a) Onthulling kan deur 'n leerder-slagoffer gemaak word aan 'n ander kind (leerder) [wat dit weer aan 'n opvoeder sal onthul] of dit kan direk aan 'n opvoeder deur die leerder-slagoffer gemaak word.
- (b) Die leerder-slagoffer moet nie gekruisondervra word nie. Slegs informasie relevant vir die doel van aanmelding moet verkry word.
- (c) Verduidelik wat die prosedure is wat gaan volg, asook die verskillende rolle en verantwoordelikhede wat elke rolspeler gaan speel en hoekom dit relevant is tot die proses.
- (d) Sodra die onthulling gedoen is, moet die volgende rolspelers onverwyld in kennis gestel word:
 - (i) Die skool-maatskaplike werker (om te help met die bestuur van die proses);
 - (ii) SAPD ([GKS] Eenheid vir Gesinsgeweld, Seksuele Oortredings en Kinderbeskerming) in die geval van 'n seksuele oortreding;
 - (iii) 'n aangewese maatskaplike werker of SAPD in die geval van misbruik anders as 'n seksuele oortreding;
 - (iv) Direktooraat: Werknemerverhoudinge of die Skool Beheerliggaam (SBL), waar die vermeende werknemer-oortreder in hulle diens was; en
 - (v) die ouers van die leerder-slagoffer.
- (e) Indien die onthulling daarop neerkom dat die Prinsipaal die vermeende werknemer-oortreder is, moet die opvoeder aan wie die onthulling gemaak is die Skool-Maatskaplike Werker of die Kringspan in kennis stel en alle dokumentasie met betrekking tot die aanmelding aan hulle voorsien sodat hulle bystand kan verleen in die bestuur van die proses.
- (f) Die Prinsipaal of opvoeder aan wie die onthulling gemaak is, mag nie die vermeende werknemer-oortreder inlig van die klag of die persoon daarvoor konfronteer alvorens 'n Arbeidsverhoudingbeampte gekontak is nie.
- (g) Die Skool Maatskaplike Werker moet ook ingelig word sodat hy/sy kan help om die Direktooraat: Werknemerverhoudinge betrokke te kry en om verdere hulp te verleen in die bestuur en verloop van die proses van aanmelding.
- (h) Daar moenie 'n vergadering gehou word met die leerder-slagoffer en vermeende werknemer-oortreder nie.
- (i) Die Prinsipaal moet ander personele inlig dat daar 'n aanmelding was sonder om die identiteit van die leerder of die vermeende werknemer-oortreder of die spesifieke besonderhede van die onthulling bekend te maak. Waar die prinsipaal die vermeende oortreder is, moet die adjunk-prinsipaal hierdie rol vervul.
- (j) Indien die vermeende werknemer-oortreder 'n werknemer is wat deur die SBL gekontrakteer is, moet die genoemde werkgewer optree ooreenkomstig die voorwaardes van die dienskontrak. (Verwys na Aanhangsel H)
- (k) In die geval waar 'n vermeende werknemer-oortreder in diens van die SBL is, sal daar 'n SBL-verhoor wees.
- (l) Lyfstraf moet ook gesien word as fisiese en emosionele misbruik, en moet dus as sodanig behandel word in terme van hierdie beleid.
- (m) Beide die vermeende werknemer-oortreder as die leerder-slagoffer is geregtig op verteenwoordiging.
- (n) 'n Tussenganger kan gebruik word om die leerder-slagoffer by te staan tydens die SBL-verhoor.
- (o) Aparte sitplek plasings moet verseker word om kontak tussen die leerder-slagoffer en die vermeende werknemer-oortreder te verhoed.
- (p) Daar moet 'n bewustheid wees van die leerder-slagoffer se ontwikkelings stadium met betrekking tot: ondervraging, konsentrasie, die noodsaaklikheid van gereelde pouses, taal, emosionele status en die tyd van die onderhoud of verhoor.

3.6 Lyfstraf

- (a) Lyfstraf word nie by enige Suid-Afrikaanse Skool toegelaat nie, en is dus uitdruklik verbode.
- (b) Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996) bepaal: "dat niemand lyfstraf mag toedien nie, of 'n student by enige onderwysinrigting aan sielkundige of liggaamlike mishandeling mag onderwerp nie";
- (c) Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) bepaal in artikel 10 dat:

- (1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie.
(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word."

**Diagram 3: ONTHULLINGSPROSES -
Ouer, Familielid of Gemeenskapslid op Leerder
Onthulling**



3.7 Onthullingsproses: Ouer, Familielid of Gemeenskaplid oortreding op Leerder

- (a) Onthulling kan deur 'n leerder-slagoffer gemaak word aan 'n ander kind (leerder) [wat dit weer aan 'n opvoeder sal onthul] of dit kan direk aan 'n opvoeder deur die leerder-slagoffer gemaak word.
- (b) Die leerder-slagoffer moet nie gekruisondervra word nie. Slegs informasie relevant vir die doel van aanmelding moet verkry word.
- (c) Verduidelik wat die prosedure is wat gaan volg, asook die verskillende rolle en verantwoordelikhede wat elke rolspeler gaan speel en hoekom dit relevant is tot die proses.
- (d) Indien 'n ouer as die vermeende oortreder aangedui word in 'n onthulling, word daar voorgestel dat die ander ouer nie gekontak word voordat die aangewese maatskaplike werker of SAPD betrokke is nie om te verhoed dat die leerder-slagoffer geïntimideer word.
- (e) Sodra die onthulling gedoen is, moet die volgende rolspelers onverwyld gekontak word:
 - (i) SAPD GKS Eenheid in die geval van 'n seksuele oortreding;
 - (ii) 'n aangewese maatskaplike werker in die geval van misbruik anders as 'n seksuele oortreding; en
 - (iii) die skool-maatskaplike werker in u area.
- (f) Dit mag nodig wees dat die leerder-oortreder in sekere omstandighede 'n Beskermingsbevel kry.
- (g) Dit moet onder die aandag van die aangewese maatskaplike werker gebring word sodat die leerder-slagoffer in hierdie proses bygestaan kan word.
- (h) Die skool moet omsien na die veiligheid van die leerder-slagoffer deur met die maatskaplike werker of ander kinderbeskermingsagentskap te kommunikeer sodat die leerder-slagoffer na 'n plek van veiligheid of 'n familielid gestuur kan word indien daar rede is om te glo dat dit vir die kind onveilig sal wees om terug te keer huis toe.
- (i) Die Skool (prinsipaal en opvoeders) moet deurlopende emosionele steun aan die leerder-slagoffer voorsien sowel as die leerder-slagoffer se sosiale, emosionele en akademiese funksionering monitor.
- (j) Voorsien gereelde terugvoer aan die aangewese maatskaplike werker.
- (k) Maak voorsiening vir addisionele akademiese ondersteuning indien nodig.


3.8 Rolspelers wat gekontak kan word na gelang van die tipe oortreding of die omstandighede

- (a) Die skool-maatskaplike werker by die Onderwys Distrikskantoor sal bystand verleen aan die prinsipaal sowel as die werknemer in die besluitneming om ander relevante agentskappe te betrek, bv.:
 - (i) Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
 - (ii) Maatskaplike Diensverskaffers in die gemeenskap;
 - (iii) Die aangewese kinderbeskermingsorganisasie;
 - (iv) Die skool-sielkundige;
 - (v) SAPD in die area waar die aanmelding/onthulling gedoen is, bv. binne die skool se jurisdiksiegebied. In die geval van 'n seksuele oortreding, sal die SAPD op hul beurt die GKS-eenheid kontak;
 - (vi) Arbeidsbetrokkings, in gevalle waar werknemers die vermeende oortreders is;
 - (vii) Die SBL waar die vermeende werknemer-oortreders in diens van hierdie liggaam is;
 - (viii) Die leerder-slagoffer se ouer(s) met dien verstande dat hulle nie die vermeende oortreder(s) is nie;
 - (ix) Die Departement van Gesondheid se skoolverpleegkundige (indien beskikbaar), of (indien van toepassing) die Geneesheer by 'n gesondheidsinstelling;
 - (x) Die skoolverpleegkundige van Onderwys vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefes (OLSO);
 - (xi) Die Thuthuzela Sorgsentrum naaste aan die skool

Afdeling 4

4. VERANTWOORDELIKHEDE VAN RELEVANTE ROLSPELERS

- a) Vir die doeltreffende hantering van kindermisbruik, is 'n multi-dissiplinêre benadering nodig sodat daar op holistiese wyse voorsien kan word in die behoeftes van die klaer (leerder-slagoffer).
- b) Om misbruik effektiewelik te bestuur, moet daar oorleg, koördinasie en samewerking tussen die verskillende rolspelers en diensverskaffers wees tydens die intervensie proses, en elke instansie behoort 'n wyse te formuleer om onderling effektiewelik met mekaar te skakel.



4.1 Suid-Afrikaanse Polisie diens

- (a) Ontvang en ondersoek klag.
- (b) Bekom beëdigde verklarings vanaf die klaer (leerder-slagoffer), sy/haar ouers en ander relevante getuies.
- (c) Arresteer die vermeende oortreders.
- (d) Neem die leerder-slagoffer vir 'n mediese ondersoek, waar van toepassing.
- (e) Neem die beskuldigde hof toe binne 48 uur na arrestasie, of binne 24 uur na arrestasie in die geval van 'n minderjarige.

4.2 Mediese Dienste

- (a) Voer 'n mediese ondersoek uit in die geval van 'n seksuele oortreding.
- (b) Doen die relevante toetse, byvoorbeeld MIV- en swangerskapstoetse.
- (c) Insameling van forensiese getuienis vir gebruik in 'n hofspraak.
- (d) Verskaf medikasie om die gesondheid van die leerder-slagoffer te beskerm.
- (e) Teken alle bevindings aan in 'n regsmediese verslag (J88) tesame met 'n 212(4)-beëdigde verklaring.

4.3 Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling

- (a) Beskerm die kind teen verdere misbruik deur 'n bevel van die Kinderhof uitgereik deur 'n Kommissaris van die Kinderhof.
- (b) Beskerm die kind teen misbruik deur middel van 'n Beskermingsbevel (interdikte).
- (c) Voorsien die relevante howe waarin die oortreder kan teregstaan.
- (d) Reik dagvaardings uit aan getuies om in die hof te verskyn.
- (e) Voorsien tolke sodat die verrigtinge kan geskied in die taal van die leerder-slagoffer en van die vermeende oortreder.

4.4 Maatskaplike Werkers van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en Aangewese Kinderbeskermingsorganisasies

- (a) Verseker die veiligheid van die leerder-slagoffer.
- (b) Ondersoek die insident in gevalle waar 'n verpligting rus om dit te doen, en stel 'n verslag op vir die Kinderhof of die Kriminele Hof.
- (c) Verskaf onmiddellike trauma-ontlonting en/of langtermyn berading, direk of deur middel van 'n nie-regeringsorganisasie.
- (d) Verleen bystand deur die leerder-slagoffer en ouers voor te berei met betrekking tot die hofprosedure.
- (e) Verskaf rekonstruktiewe dienste aan die leerder-slagoffer en sy/haar familie.

4.5 Nasionale Vervolgingsgesag

- (a) Voorsien bystand deur middel van die Thuthuzela Sorgsentrums (indien daar een bestaan in die skool se jurisdiksiegebied).
- (b) Aanklaers moet voortgaan met vervolging sodra die saak by die hof aangemeld word.
- (c) Konsulteer met die leerder-slagoffer ter voorbereiding van die verhoor.
- (d) Voorbereidingsbeampte by die hof wat deur die NVG in diens geneem is, moet die leerder-slagoffers bystaan in die hofproses.

4.6 Direkoraat: Werknemer-verhoudinge van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement

- (a) Ondersoek alle klagtes en verseker dat die leerder-slagoffer se privaatheid en vertroulikheid te alle tye gehandhaaf word.
- (b) Waar voldoende getuienis bestaan, moet vermeende werknemer-oortreders as 'n voorkomende maatreël met onmiddellike effek geskors word.
